

Week **6**

God se Plan vir die Kerk

Geheuevers:

Ek druk julle dit op die hart ... Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde.

Efesiërs 4:1(a)&(c)-2 (NAV)

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Efesiërs 4:1-16

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Na drie hoofstukke van intensiewe onderrig in die grondwaarhede van God, maak Paulus 'n drastiese verandering en skuif sy fokus van beginsels na praktyk, van oortuigings na gedrag.

In hierdie gedeelte moedig Paulus die Efesiërs aan om volwasse te word en te groei in Christus. Hy begin deur vir hulle te sê om op 'n manier te lewe wat hul roeping waardig is. Paulus kon vir die Efesiërs 'n lys gegee het van dinge om te doen. In plaas daarvan gee Paulus 'n lys van dinge om te wees, naamlik geduldig, nederig, sagmoedig, ondersteunend , van mekaar, verenig in die Gees.

Paulus beklemtoon die belangrikheid daarvan om eenheid in die kerk te handhaaf. Hy beklemtoon dat daar net een liggaam, een hoof en een geloof is. Daar is net een God.

STUDIEVRAE:

Lees Efesiërs 4:1. Paulus begin hierdie gedeelte met 'n dringende pleidooi om 'n lewe te lei wat die roeping waardig is. Wat bedoel hy hiermee? Wat is ons roeping? (Verwys na die vorige studies.)

.....
.....
.....

Lees Efesiërs 4:2-3. Wat is die kenmerke deugde van 'n lewe wat ons roeping waardig is en wat beteken dit? (Verwys ook na Filippense 2:1-4 en Kolossense 3:12-14).

.....
.....
.....
.....
.....

Waarom is hierdie deugde so belangrik vir die handhawing van eenheid? Aan watter van hierdie deugde moet jy nog werk?

.....
.....
.....

Lees Efesiërs 4:4-6. Ons word beveel om die eenheid van die Gees te bewaar. Maar Paulus sê ook ons het reeds een liggaam, een Gees, een hoop, een Here, een geloof, een doop en een God en Vader van almal. Hoe dra hierdie sewe "ene" by om werklik ons ware 'een'-heid uit te leef?

.....
.....
.....

Lees Efesiërs 4:7-10. Wat het God aan elke gemeentelid gegee? (Verwys na Psalm 68:18 wat in vers 8 aangehaal word.)

.....
.....

Lees Efesiërs 4:11-13. Wat het God vir elke plaaslike kerk gegee? Lys die gawes waarvan in hierdie verse gepraat word.

.....
.....
.....
.....
.....
.....

God het vir ons die gawes van apostels, profete, evangeliste, pastors en leraars – mense – gegee. Hierdie gawes bevoordeel die kerk geleidelik. Wat is die 4 doelwitte vir hierdie gawes wat op mekaar bou wat in Efesiërs 4:11, 12 en 13 beskryf word?

.....
.....
.....
.....

Lees Efesiërs 4:14-16. Hoe verskil geestelike kinderskoene van geestelike volwassenheid? (Verwys ook na 1 Korintiërs 13:11 en 14:20)

.....
.....

Watter winde en golwe ruk en gooi die kerk tans rond?

.....
.....
.....
.....

Hoe onderstreep die beeld van die kerk wat Paulus in vers 16 gee alles wat hy in hierdie gedeelte gesê het?

.....
.....

SLOTOPMERKINGS:

Eenheid in die kerk moet bewaar word. Eenheid impliseer egter nie eenvormigheid nie. Dit beteken nie dat alle Christene eenders sal dink of identiese bediening sal verrig nie. Dit impliseer wel 'n gemeenskaplike doel en interafhanklikheid binne die liggaam van Christus.

Die kerk was nooit bedoel om net 'n gebou te wees nie – 'n plek waar eensame mense instap, luister en uitstap, nog steeds alleen nie. Dit was bedoel om 'n plek van gemeenskap te wees. 'n Plek waar mede-lidmate tot volwassenheid opgebou word.

In ware gemeenskap oordeel Christene mekaar nie, hulle byt en verslind mekaar nie, lok mekaar nie uit nie, lieg nie vir mekaar nie, praat nie kwaad of mor oor mekaar nie.

Ware gemeenskap bou op. Daarom sal Christene mekaar ontvang, hulle sal vriendelik en sagmoedig (teer van hart) wees, hulle sal mekaar vergewe, hulleself aan mekaar onderwerp en mekaar vertroos. Dit is ware gemeenskap, die aanraak van mekaar se lewe om seën en geestelike groei te bring. Die grootste behoefte van die Kerk was nog altyd geestelike volwassenheid.

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Ek druk julle dit op die hart ... Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde.

Efesiërs 4:1(a)&(c)-2 (NAV)

Nadenke:

Deel met die groeplede hoe God hierdie week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Efesiërs 4:1-16

Besprekingsvrae

Lees Efesiërs 4:1. Paulus begin hierdie gedeelte met 'n dringende pleidooi om 'n lewe te lei wat die roeping waardig is. Wat bedoel hy hiermee? Wat is ons roeping? Bespreek in die groep.

Lees Efesiërs 4:2-3. Wat is die kenmerke (deugde) van 'n lewe wat ons roeping waardig is? (Verwys ook na Filippense 2:1-4 en Kolossense 3:12-14). Waarom is hierdie deugde so belangrik vir die handhawing van eenheid? Aan watter van hierdie deugde moet jy nog werk? Bespreek.

Lees Efesiërs 4:4-6. Ons word beveel om die eenheid van die Gees te bewaar. Maar Paulus sê ook ons het reeds een liggaam, een Gees, een hoop, een Here, een geloof,

een doop en een God en Vader van almal. Hoe dra hierdie sewe "ene" by om werklik ons ware 'een'-heid uit te leef?

Lees Efesiërs 4:7-13. Lys die gawes waarvan in hierdie verse gepraat word. Wat is die aard van hierdie gawes van God? Wat behoort ons met hulle te doen en wat sal die resultaat wees? Sien jy hierdie gawes werksaam in jou lewe en jou Kerk? Bespreek.

Lees Efesiërs 4:14-16. Hoe verskil geestelike kinderskoene van geestelike volwassenheid? (Verwys ook na 1 Korintiërs 13:11 en 14:20). Watter winde en golwe ruk en gooi die kerk van vandag rond? Bespreek in die groep.

Hoe onderstreep die beeld van die kerk wat Paulus in vers 16 gee alles wat hy in hierdie gedeelte gesê het? Hoe vergelyk jou kerk met hierdie beeld? Bespreek in die groep.

Sluit af met gebed